dit sal lewe bring in SA, Afrika en die hele wêreld. Mel het die verhale uit die boek van Elia afgestof en ons herinner dat die profeet ‘n gewone mens was soos ek en jy en deur die Here gebruik is op ‘n baie kragtige manier. Sy onderonsie met die Baäl profete, wat Mel kleurvol vertel het is welbekend en een van die lekker lees stories in die Bybel. Die kinders sal seker na aanleiding daarvan na Elia verwys as Captain Israel.

Verder is ons aangemoedig om nie wonders en tekens na te jaag nie, maar om die lewende Jesus te soek en seker te maak dat ander by Hom uitkom. Die res sal dan volg. Mel het ‘n paar stories vertel oor Rudolfo. Hy bly daar in Madagaskar en is ‘n dissipel van Mel en ‘n evangelis. As ek reg onthou het hy al 3 mense in sy leeftyd wat dood was weer lewendig gebid, en op ‘n buitengewone maniere. Die laaste keer was ‘n week voor die konferensie waar ’n jong vrou wat gesterf het in Parys, Frankryk se Familie hom gebel het en Rudolfo oor die foon vir die dooie vrou gebid het terwyl die familie die foon teen haar oor gehou het. Die vorige keer was dit ’n soortgelyke geval, die keer iemand in Madagaskar waarna die hele dorp tot bekering gekom het. Mel self is baie skepties en wou eers al die detail by Rudolfo kry voor hy die storie met ons gedeel het. Rudolfo is ‘n goeie voorbeeld van ‘n gewone mens wat Jesus passievol verkondig en die res aan die Here oorgelaat het om te bewys wie Hy is, en dis hoekom Mel die storie vertel het. Die Heilige Gees vul ons met krag om sy getuies te wees en die tekens en wonders sal volg deur Jesus wat hom op die manier openbaar soos Hy wil. ‘n Belangrike les vir ons. Ons het teruggekom met meer moed en oortuiging dat Jesus die enigste hoop vir ons land is.

Belangrike datums vir die res van die jaar:

- Die "Watchmen School of Prayer": 23 - 27 September. Bid vir ons en vir almal wat van heinde en verre kom.
- GAP Ondersteuners-Ontbyt: Sat 12 Oktober om 9h30 by "The Caledon". Kontak ons vir meer besonderhede. Almal is welkom.
- 7 Dae op die Muur Oos-Kaap "Roadshow": 21 - 25 Oktober. Bid vir ons.
- NG Noord se Kersmark 26 - 30 November. Kom self en nooi ander.
- Elandsrivier Kerk Kersdiens 22 Desember. Almal welkom.

Ons Besonderhede

GAP Ministries, Brocket Straat 9, De Mist, Uitenhage
Pierre Sel: 0833703592 Sugnét Sel: 0834014517 (Ons het nie meer 'n huisfoon nie)
Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage: 4056657942
outreach@global.co.za www.goandproclaim.co.za
www.facebook.com/goandproclaim

An evaluation version of novaPDF was used to create this PDF file.
Purchase a license to generate PDF files without this notice.

GAP NUUS Sep 2019

Persoonlike Nuusbrief van
Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

GAP MINISTRIES *‘..verkondig elke dag Sy reddingsdade” -Ps 96:2*

Liewe Vriende

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus ons Here.

1. **Persoonlike Nuus**

Ons groet julle almal uit 'n baie droë en stowwerige Oos-Kaap. Ek en Sugnét was nou die dag in Pretoria en die mense daar het vertel dat hulle die jaar nie eintlik winter gehad het nie. Ons in die Oos-Kaap het ook nie winter gehad nie, behalwe vir enkele flouerige koue fronte wat hier verby gedrentel het. Soos ons rondbeweeg deur die Oos-Kaap hoor en sien ons die kommer in mense en boere se harte oor die droogte. Ander dele van die land lyk nog erger. Ons vertrou dat die Here ons deel van die land iewers in September en Oktober gaan genadig wees met goeie reën. Dit is gewoonlik ons beste reënmaande. Oudergewoonte deel ons hier die belangrikste nuus oor elkeen, en die bediening. Baie dankie aan almal vir julle ondersteuning en gebed die afgelope paar maande. Julle maak 'n verskil in ons lewens sodat ons dit in ander se lewens kan doen.

Van Sugnét

Nou wat sê ek nou? My daddy is nou 6 maande oorlede en mamma bly by ons. Ons is dankbaar vir so baie admin wat afgehandel is, die boedel wat amper klaar is. Ons probeer so elke 2de dag op die plaas uitkom om te sien of alles reg is. Die twee bejaarde Jack Russels pas nog die huis op en is baie bly as ons daar kom. Die Vallei se mense is erg bekommerd omdat die huis alleen by die honde is, maar vir nou is hulle gelukkig daar, vet gevoer en is daar baie mense wat aandag gee. Dit beteken vir ons baie om 'n vriendelike stert, lewe en opgewondenheid te sien as ons daar kom. Die groot besluite rondom die toekoms van die plaas en waar mamma wil bly, lê nou voor. Ons het baie wysheid en insig nodig.

Verder huppel ons nog voort by Huppelkind. Dit is 'n voorreg om met die kinders te werk. Van ons kinders is deur moeilike uitdagings en ander hou jou letterlik op jou tone, maar hulle verskaf ook baie vreugde. Die een vra vir my? Wat noem mens 'n mamma skaap? 'n Skaap-ooi en wat noem 'n mens die klein skapie? 'n Wolletjie! Mens leer elke dag iets nuut by hulle.

Oor Pieter

Met die skrywe van die vorige nuusbrief was Pieter by die huis in afwagting op

die volgende tree wat hy moet gee nadat hy sy maatskappy, Triunce, na maande se harde werk maar eers op die ys gesit het. Intussen het hy vir 'n paar weke op uitnodiging van 'n goeie studente-vriend van hom gaan ondervinding opdoen daar by Frontier Safaris net duskant Alicedale. Frontier is bekend vir die verskeidenheid wild wat hulle aanbied vir oorsese jagters, hulle goed toegeruste geriewe en professionele manier waarop die onderneming bedryf word. Baie suksesvol. Pieter het so nou en dan 'n foto gestuur om te wys hoe mooi daardie deel van ons provinsie is en hoe 'n trofee-dier nou eintlik moet lyk. Hy het heelwat wyser teruggekom en volgens hom was dit 'n belewenis en 'n baie goeie leerskool. Veral die Russe raak baie kleurvol as hulle eers bietjie gekuier het, volgens Pieter. Kort daarna is hy weer genooi om te gaan help by Frontier Safaries se jagkampe in Namibië in die Suide by Keetmanshoop en in die Noorde digby Etosha. Ook dit was 'n belewenis, maar van 'n ander aard. Daar groei net sand en klippe as ek so na die foto's kyk en is dit ongelooflik dat mens en dier daar aan die lewe kan bly. Pieter is baie dankbaar vir die geleenthede wat hy gekry het en was hy skoon verlief op daardie woestynland. Ook daardie dele is bitter droog en is almal daar in afwagting van die komende somer-reëns. Ons bid saam ook vir reën in Namibië.

In die tyd wat Pieter in Namibië was het hy 'n uitnodiging gekry om te gaan werk by 'n maatskappy in Van der Kloof. Die dorpie is daar langs die van der Kloof Dam in die Noord-Kaap en net duskant Orania. Hy is nog te kort daar om agter te kom wat presies die maatskappy doen, maar van wat ons verstaan is dat die maatskappy iets te doen het met die installering van spilpunte daar langs die Oranje rivier. In die proses doen hulle analises van die waterbehoeftes van areas wat onder besproeiing is en word die spilpunte daarvolgens geprogrammeer. Hulle bou ook monitors wat die effektiwiteit van die spilpunt verhoog. Die word orals in die grond ingesit. Die eienaar van die maatskappy het Pieter intussen betrek by die ontwerp en ontwikkeling van apparate wat hulle nodig het in die uitvoering van hulle pligte. Dit klink nou bietjie formeel, maar as ek meer uitgevind het van wat hulle doen sal ek dit in meer detail kan beskryf op 'n gewone manier. Ons en hy is in elk geval dankbaar vir die geleentheid wat hy gekry het en glo dat sy belangstelling en vaardigheid goed te pas sal kom en dat hy nie met iemand in Orania gaan trou nie.

Oor Eldi

Eldi is besig met haar laaste "blok" vir die jaar. Dit beteken die laaste 6 weke wat hulle in 'n spesifieke veld werk en ondervinding opdoen. Met gebed en vasbyt, min slaap en baie koffie is ons saam met haar as te ware deur die velde van outisme, serebrale verlamming, buite-pasiënte, trauma en breinbeserings en is hulle nou by die Rooikruis Kinder Hospitaal. Die praktiese werk saam met die studies en navorsing is amper op 'n einde. Ons kan nie glo 4 jaar het so vinnig verby gevlieg nie. Sy is nou in die laaste pylvak en die ervaring om te kan vasbyt in die 3km wedlope op skool is nou seker vir haar goeie motivering. Ons sien

An evaluation version of novaPDF was used to create this PDF file.
Purchase a license to generate PDF files without this notice.

kamp beplan vir die naweek van 8 tot 10 November op Mount Ingwe, so stewige klipgooi van die kerkie af. Ons gaan kamp die naweek en alle mans is welkom, en gesinne die Sondagoggend. Die getalle is beperk so as daar mans is wat belangstel kontak so gou as moontlik of vir Gert, Rudi of At hier in die gemeente by ons. Hulle het al die besonderhede. Ons glo dit gaan ‘n geleentheid wees om weer met die Here en met mekaar te “connect”. Daar is nie gassprekers nie, maar doodgewone mense wat hulle stories gaan vertel oor wat die Here in hulle lewens gedoen het en steeds doen. Tussenin gaan daar om die vuur gekuier word en gaan daar tyd wees alleen met die Here. So, as die uitnodiging met jou praat moenie wag nie.

Daar is nog ‘n paar dienste oor voor die einde van die jaar by die kerkie so kontak gerus vir Sugnét as julle dit wil bywoon. Dit is altyd lekker om besoekers daar te hê.

5. **IFSA**

Dit staan vir “Intersessors Network for SA” en is basies ‘n netwerk vir netwerke van almal wat by gebeds-mobilisering betrokke is. Elke jaar kom almal wat deel is van die verskillende netwerke bymekaar om idees uit te ruil, te hoor wat die Here doen en om mekaar te bemoedig. Hierdie jaar was die konferensie gehou op Secunda van alle plekke en was die gasspreker Mel Tari. Hy is ‘n ou besoeker aan die land en bekend vir die twee boekies wat hy geskryf het " Like a mighty wind" en " The Gentle Breeze of Jesus". Dit sal dalk ‘n klokkie lui by van die ouer generasie. Dit handel oor die herlewing in Indonesië in die 70’s en veral op die eiland van Oos-Timor.

Mel of pappa Mel soos na hom verwys word het niks van sy stoom verloor hier diep in sy 70’s nie en het op sy komiese manier ons weer daaraan kom herinner dat die Here ’n baie spesiale plan met die land het en dat Hy besig is om daardie plan uit te rol ten spyte van al die hindernisse wat ons rondom ons sien elke dag. Dit is bevestiging weer eens van die herlewing wat gaan kom en wat al so dikwels herhaal is dat mens nie meer notisie neem daarvan nie. Daarom was dit nodig dat ons ore weer oopgemaak moes word en weer moed moes kry om te volhard met die pad waarop ons besig is om te stap. Dit was omtrent 30 jaar gelede tydens ‘n besoek aan Etosha wat die Here een oggend vir Mel ‘n beeld of visie gegee het van ‘n dier wat op die horison verskyn het. Die dier was majestieus groot en sterk het soos ‘n Zebra gelyk met wit, swart en bruin strepe. Die Zebra het die kerk in SA versinnebeeld wat in eenheid gaan opstaan om weer geestelike lewe in die land te bring wat nie net die land nie, maar die Kontinent en die werêld gaan verander. Was die Zebra swart met wit en bruin strepe of was die Zebra wit met bruin en swart strepe, was sy vraag aan ons. Nee dit is nie een van die nie, was ons antwoord. Om een kleur van die strepe te verwyder sal die dood van die dier tot gevolg hê was sy verduideliking. Al die kleure saam in eenheid sal die dier laat pronk, en

Camino daar in Spanje gedoen so hy behoort te weet waarvoor hy hom inlaat. Hy het 'n paar jaar terug kanker gehad wat tans in remissie is so ek bewonder hom vir sy ywer en passie. Ons het hom gehelp om die hele roete in 10km seksies in te deel wat hy daagliks gaan stap. Op 18 en 19 November neem die roete hom deur Uitenhage en KwanoBuhle en nooi ons belangstellendes uit van Uitenhage om die deel van die roete saam met hom te stap.

'n Deel van die roete het aanvanklik deur Helenvale geloop, maar het ons dit verander op aanbeveling. Dit is te gevaarlik, sê hulle wat weet. Helenvale is aangrensend aan Stanfordweg en die deel van Stanfordweg wat as "die Gaat" bekend staan. Die Gaat word gewoonlik die bymekaarkomplek, en het 'n magiese aantrekkingskrag om een of ander rede, vir almal wat die joos in is. Dit is gewoonlik waar Stanfordweg toegemaak word as daar moeilikheid kom, en dit gebeur gereeld. Ons het 'n paar keer daardeur gery en was dit opmerklik hoe die atmosfeer daar net verskil van ander plekke in die Metro. Dit is nog net die skool en Polisiestasie wat oop is en die skool sluit ook met tussenposes sodra die skote begin klap. Maar ook daar is daar kinders van die Here wat begeer dat dinge in hulle gemeenskap ten goede sal verander en dit is juis om redes soos die wat die gebedsroete ontstaan het.

4. **Elandsrivier Kerk**

Die tyd vlieg so vinnng dat dit moeilik is om te glo dat Elandsrivier kerk vroeg in September al weer sy basaar gehou het daar by “Fitches Corner” Boerevereniging Saal. Dit is altyd ‘n groot opgewondenheid en word goed ondersteun alhoewel die bywoning die jaar minder goed was. Ons self het dit ongelukkig gemis. ‘n Basaar is een van die boustene van ‘n gemeenskapslewe en is baie keer die plek waar mense mekaar weer ‘n slag in die oë kyk en hart tot hart met mekaar praat. Dit is veral die saamwerk voor die tyd en op die dag van die basaar wat vriendskappe tussen mense weer woema gee. So in die opsig glo ons dit was ‘n groot sukses. Die wins wat gemaak word is ‘n bonus en word gebruik om die lopende kostes van Elandsrivier Kerk te dek. Ons wil ook graag van ons kant af almal hier in Uitenhage bedank wat dit ondersteun het. Daar word nog steeds een keer ‘n maand ’n diens gehou bo by die kerkie aan die voet van Hanekam Berg en was die bywoning nog elke keer goed. Almal is altyd welkom. Sugnét preek nog gereeld daar en is die boodskap wat sy elke keer by die Here moet hoor die regte boodskap vir die regte tyd vir die regte mense. Die gekuier na die tyd raak ook elke keer al hoe langer en die eetgoed al hoe meer.

Onder Andre en Henriëte van der Walt se leiding kry die manne gebedsgroep en die vroue “fellowship” groep al hoe meer momentum. Die manne kom elke tweede Donderdagoggend net na ses by die kerkie bymekaar en ook in die geval is alle mans welkom. Net so jammer dit is 70km uit die dorp uit, maar dalk kan ‘n paar van ons hier in die dorp vir ‘n slag of wat hulle gaan ondersteun. Koffie selfs uit ‘n blik uit proe altyd beter as mens so ver gery het. Goeie nuus is dat die mannegroep hier op die dorp in samewerking met die boere daar ‘n manne “connect”

An evaluation version of novaPDF was used to create this PDF file.
Purchase a license to generate PDF files without this notice.

met opgewondenheid uit na die plasing vir die gemeenskapsdiens-jaar in 2020. Hulle moes hulle beperkte keuses indien en die Departement moet nou besluit. Êrens tussen Kaapstad, PE, Burgersdorp, Calvinia of Hartswater. Julle mag maar saambid vir die laaste stuk vasbyt en die regte plasing vir volgende jaar. Haar perd, Cordoba, bly nog haar hart se punt en ons hoop sy beland êrens waar daar perde naby is. Maar dis nie die belangrikste nie.

Ierland

Julle sal onthou in die vorige nuusbrief dat ons vertel het dat ons tasse gepak was vir 'n besoek aan my suster daar in Ierland. Die storie het toe nie 'n goeie einde gehad nie, of in die geval 'n begin nie! Ons het nie veel verder gekom as British Airways se paspoort-beheer op O.R. Tambo nie en moes ons maar daar omdraai en terugkom huis toe nadat ons uitgevind het ons moet 'n deurgangs-visa hê vir Heathrow wat ons nie gehad het nie. Iewers het ons in ons onkunde ten spyte van al die voorbereiding daardie een boksie gemis. Nodeloos om te sê dit is veel beter om in nat beesmis te trap as om te hoor jy kan nie op daardie vliegtuig klim nie. Dit het so dag of wat gevat om die verskeidenheid emosies waar ons nie op wil ingaan nie te verwerk, en het ons toe weer begin perspektief kry op die saak. Gelukkig kry mens berusting in die wete dat die Here bekend is met die detail van ons lewens en dat niks gebeur sonder Sy medewete nie. Wat ons weet en verstaan is dat die tydsberekeing vir die besoek nie reg was nie om redes wat ons eers later sal verstaan. Daar was nie veel simpatie van die reisversekering en van British Airways se kant af nie en behalwe vir 'n bietjie sakgeld moes ons sien hoe ons spaargeld in die wolke verdwyn. Ons glo dat ons wel op die regte tyd daar gaan uitkom al is dit met 'n ander roete en reisplan en ander besoeke in die pyplyn. Dankie vir almal se besorgdheid en simpatie oor die heengaan van daardie vliegtuig!

2. **7 Dae**

Sedert die vorige nuusbrief het ek en Daniel Brink weer die voorreg gehad om ‘n wye draai deur die Oos-Kaap te maak. Elke keer kom ons op nuwe plekke en ontmoet ons nuwe mense. Hierdie keer was ons vir die eerste keer op Dordrecht, Hogsback en Cala. Cala is op die roete tussen Queenstown en Elliot aan die voet van Cala Pas geleë in die ou Ciskei. Ds Derik Myburgh van die VGK kerk daar het ons op die spoor geplaas van Daphne wat vir ons 'n byeenkoms gereël het in die Methodiste kerk op 'n baie koue oggend. Die opkoms was te verstane nie wat wonders nie, maar ons was verras deur die mense se hartlikheid en positiewe gesindheid en het hulle na die tyd vir ons bederf met koekies en tee. Die koekies is iets eie aan daardie deel van die wêreld en is 'n kombinasie tussen skons, plaatkoekies en oondkoekies. Baie lekker op so koue oggend! Ons het ook 'n draai gemaak by die VGK kerk op pad terug later in die week en het nog van die mense ontmoet en was weer verras deur hulle hartlikheid. Derik, en Christo Wooding op Kokstad is die

enigste oorblywende blanke sendelinge in die Ciskei en Transkei. Beide van hulle gaan binne die volgende paar jaar aftree en sal dit die einde van 'n era wees. Terugvoer wat ons gekry het van Daphne was dat die week van gebed daar goed afgeloop het en het hulle samewerking gekry van 'n verskeidenheid van kerke. Hulle het ook deur die nag gebid en klink dit my hulle het nie daar opgehou nie.

Dordrecht is so uur se ry noord van Queenstown en een van daardie dorpies waar jy moet stadig ry anders mis jy hom. Verbasend is dat daar 'n Hervormde, Gereformeerde, APK en dan natuurlik die NG Kerk is. Laasgenoemde funksioneer nog, maar klink dit asof die ander hulle deure toegemaak het. Iemand op Barkley-Oos het my vertel dat die een of ander Boere Kommando leier en sy familie na die oorlog in daardie deel van die land gevestig het en dat die gereformeerde teologie as gevolg daarvan daar 'n groot invloed gekry het. Nietemin ons ontmoet daar vir Charlotte. Sy is 'n afgetrede verpleegster wat herstel van breinkanker en wat net sig in haar een oog oor het. Maar sy is passievol vir die Here, stap die dorp vol, preek by die ouetehuis, organiseer die dorp se gebedbyeenkomste en bou verhoudings met die mense daar in die Township. Op haar stil manier doen sy merkwaardige werk. Dit was 'n voorreg om haar te ontmoet en was dit net weer 'n bevestiging dat die Here doodgewone mense gebruik om Sy koninkryk van liefde op die mees afgeleë plekke uit te leef. Ons sien dit ook op baie ander plekke.

Hogsback is 'n ander storie. Ons het laat die aand daar aangekom en moes vroeg wikkel die volgende oggend en het ons gevolglik nie baie tyd daar gehad om rond te kyk nie. Hogsback is bo op die Amatola berge geleë en volg mens die pad daar van Fort Beaufort af en net anderkant Alice draai mens berg op. Ons het kortpad gevat met 'n grondpad via Seymore wat ons nie weer sal doen nie! Ook op Hogsback het ons wonderlike mense ontmoet, elkeen met sy en haar stories oor hoe die lewe hulle vol duike geslaan het en hoe die Here telkens dit weer kom uithaal het. Hogsback is 'n mengelmoes van alternatiewe invloede en 'n toevlugsoord vir almal wat nie elders in die samelewing inpas nie. Kyk maar net na die name van al die gastehuise, eetplekke en aktiwiteite. Die feëtjies is die plek vol. Maar dat dit idillies is en dat daar sterk ooreenkomste is met die storielyn in JR Tolkien se boeke is te verstane. Bo op die berg met 'n baie mooi uitsig is die "Church on the Hill". Dit is 'n Anglikaanse grasdakklipkerkie waarvan die deur altyd oop is. Ons het vroeg die oggend daar gaan inloer en wraggies die deur was wawyd oop. So al wat jy doen is jy sit die ligte aan, gaan sit op die ou houtbanke en geniet die stilte. Dit was te koud vir ons om dit lank genoeg te doen maar ek kan net dink dat dit by ander tye 'n ideale plek sal wees om stil te word. Daar is ook 'n kort gebedsroete deur die tuin met stasies waar jy kan stop en die uitsig bewonder. Ons was nie lank genoeg daar om enige strategie te help implementeer nie, maar dat die klompie gelowiges gewillig en honger is na die Here se teenwoordigheid in hulle mooi dorpie is gewis. Ons vertrou dat ons volgende jaar weer daar gaan uitkom, maar langer die keer. Dit

An evaluation version of novaPDF was used to create this PDF file.
Purchase a license to generate PDF files without this notice.

is inderdaad 'n baie strategiese plek, veral in die geestes-realm.

Orals waar ons gekom het is ons goed ontvang en was daar positiewe reaksie en ondersteuning vir die die week of weke van gebed. Ons ondervinding is dat die besoeke mense motiveer en aanspoor om die Here se aangesig met meer erns te soek. In die proses bou hulle brûe, breek hulle mure af en begin mense mekaar in die oë kyk wat andersins nie sou gebeur het nie. Vir my persoonlik het dit die meeste waarde. Ek glo al hoe meer dat ons in 'n seisoen is waar die Here 'n platvorm voorberei vir iets groots wat Hy in die land wil doen. Op daardie platform gaan doodgewone mense uit alle lae van die samelewing uit alle bevolkingsgroepe wees wat saam die Here se aangesig gaan soek. Die Here wil eers rekonsiliasie bring. Met Hom en ons met mekaar. Ons beplan nog 'n besoek voor die einde van die jaar en die keer deur die droë Karoo en verder Noord, maar eers woon ons die "Watchmen School of Prayer" by daar by Rocklands in Simonstad die September-vakansie. Ons vertrou dat ons daar meer duidelikheid gaan kry oor die strategie vir 2020.

3. **Nehemia Gebedsroete**

Oor die Nehemia strategie in die Metropool het ons julle al vertel. Ons gereedskapkas is besig om so stadig maar seker te groei. Van die hulpmiddels wat ons gebruik het julle ook al van gehoor onder ander "Farming God's Way" en "What's your Story". 'n Nuwe hulpmiddel waaraan ons onlangs blootstelling gekry het tydens die "Activate" Konferensie is "DBS" of te wel "Discovery Bible Study". Hierdie is 'n baie eenvoudige, nie-bedreigende Bybelstudie-metode wat sowel deur gelowiges as ongelowiges gebruik kan word om die Bybel beter te leer ken. Daar is nie noodwendig 'n groepleier nie en enige persoon wat deel is van die groep kan dit inisieer. Daar is ses vrae wat die groep elke week deurwerk en wat daarop gemik is om groeplede te motiveer en te help om dit wat hulle by die Here gehoor het vir iemand buite die groep te gaan vertel. So daar is hierdie ingeboude meganisme wat sorg dat dit wat binne die groep gebeur verder as net die groep strek. En dit werk. Dalk vertel ons julle in die volgende nuusbrief meer daaroor.

Terug by die gebedsroete deur die Metro. In die proses om die roete te finaliseer het ons dit nou al 'n paar keer moes deurry as koördineerders. Die roete was aanvanklik amper 200km lank al het dit nie so gevoel nie en het ons begin om al die draaie uit te sny. Die doel van die roete is tweeledig. Eerstens om natuurlik te bid vir die Metropool en tweedens om inwoners van die Metro en besoekers blootstelling te gee aan hoe die Metro lyk en hoe die Metro verander. En dit is nie orals 'n baie mooi prentjie nie. Selfs vir ons wat baie rondbeweeg was die roete 'n openbaring. Dit is ongelooflik hoe vinnig gemeenskappe besig is om te verander. Belangstellendes kan of die hele roete doen of net dele daarvan en daar is gidse beskikbaar vir die verskillende dele van die roete. Bishop Erik Pike is 'n afgetrede Anglikaanse Biskop in sy tagtigs wat beplan om in November die hele roete te stap. Hy het al die